- Dit kan verduidelik word as ontwerp wat die mag het om die manier waarop mense dink en optree te beïnvloed.  Byvoorbeeld kreatiewe ontwerp van simbole sonder kulturele verwysing kan help om kulturele eenheid en 'n gevoel van nasionale identiteit in 'n land met baie verskillende kulture te bring (Die Trots Suid-Afrikaanse logo).
- Dit kan ook gebruik word om verandering op 'n positiewe manier te weeg te bring of dinge te laat funksioneer soos dit moet.  Dit kan help in die skerp van werksgeleenthede, of dit kan inligting gee, tekens wat waarsku van gevaar of om mense aan te moedig om hul omgewing skoon en netjies te hou.

(2)

**DIE SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE 'VISSERHOK'-SKEEPSHOERKLASKAMER**

Dit kan as sosiaal verantwoordelik oorweeg word omdat:

- Dit 'n plek van leer vir benadeelde, jong kinders bied.
- Die ontwerp hergebruik materiaal, in die geval 'n skeepshouer.
- Die ontwerp neem die leerders se welsyn in ag, byvoorbeeld die verhewe dak bied isolering en verhoed dat die houer te warm word. Die vertikale tuin sal uiteindelik help teen die wind en saam met die groentetuin help dit 'n meer aangename natuurlike omgewing te skep.
- Die houer as 'n gebou is multi-funksioneel; die houer dien as beide 'n klaskamer en 'n biblioteek en die trappe aan die buitekant bied stiplek gedurende speeltyd en vir vertonings of sportbyeenkomste.

(2)

Aan die negatiewe kant kan 'n kandidaat daarop wys dat die houer nie so groot is nie en die leerruimte kan 'n bietjie knap wees, maar dit maak nie afbreëk aan die sosiale verantwoordelike aard van die projek nie.

| V4.2<br>VLAK   | KOGNITIEWE<br>VAARDIGHEDE         | GEWIG | VRAE         | PUNTE |
|----------------|-----------------------------------|-------|--------------|-------|
| Laer orde      | Herroep                           | 30%   | Deel van 4.2 | 3     |
| Middel<br>orde | Toepassing                        | 40%   | Deel van 4.2 | 4     |
| Hoer orde      | Ontleding<br>Sintese<br>Evaluasie | 30%   | Deel van 4.2 | 3     |

### 30 TOTAAL AFDELING B:

(10) **Oorweeg enige ander goed gemotiveerde en ondersteunde feite:**

verwerp.  
Dekonstruktivisme het toekomsstige ontwerpers in staat gestel om die konsep van die "perfekte vorm" of die 'universele oplossing' te

maak.  
Art Deco het die weg gebaan vir die gebruik van 'n minder tradisionele versieringsmateriaal en binnenshuise ontwerp. Die styl het gebruik van meer ongewone materiaal soos chroom, glas, vlekrye, blink materiaal, spieëls, aluminium, lak, ingelegde hout, haai- en sebravel

enigiets wat voor dit gekom het.  
koel voorkoms van gemeganiseerde lewe heeltemal in stryd met geometriese vorms gebaseer is en vaartbelyning is, bied dit 'n skerp, vaartbelynde en skoon lyne. Omdat die Art Deco styl hoofsaaklik op Deco styl is hoofsaaklik gebaseer op geometriese vorms,

Art Deco:  
MANIERE HOE TOEKOMSTIGE STYLE GEBAAT HET:

4.2 4.2.1

(Ken 10 punte toe)

Kandidate moet in paragrafe en nie in tabel vorm antwoord.

Kandidate kan argumenteer dat beide FIGUR A en FIGUR B dieselfde verteenwoordigend is van die beweging waartoe hulle behoort.

FIGUR A – Art Deco

FIGUR B – Post Moderne Dekonstruktivisme

Om dit te bewys kan hulle die volgende argumenteer:

INVLOEDE:

In FIGUR A is die antieke Egiptiese-inloed duidelik in die dekoratiewe lyne op die skoene in die vorm van sonstrale.

In FIGUR B is daar geen duidelike historiese verwysing na ander style, die gebruik van eenvoudige, skoon en geboue lyne herinner aan die Asiatiese (Japanese) tradisies.  Dit bring 'n meer vroulike gehalte aan die skoene en versag die masjienagtige kwaliteit van die ontwerp wat tipies van Post Modernisme is.

EIENSKAPPE:

FIGUR A het 'n vet, herhalende patroon van lyne in sterk kontrasterende kleure  swart en goud, 'n dekoratiewe effek tipies van Art Deco.  Die materiaal wat gebruik word versterk die ryk en luukse gevoel wat hoogs Art Deco ontwerp bevat.  Die swart-en-goud strepe herinner aan die swart inlegsels en lak werk in Art Deco meubelontwerpe.  Die skoene het 'n vaartbelynde, glad voorkoms sonder enige onnodige detail  en hulle is ook voorbeelde van 'n vakmanskap.  Omdat die oppervlakversiering leen van 'n ander styl kan dit as eklekties oorweeg word.

In FIGUR B is die tradisionele ontwerp van die skoene gedekonstrueer, maar nog steeds in staat om as 'n skoen te funksioneer.  Die ontwerp van die skoene vertoon gefragmenteerde en verwing en weerspieël 'n skuif weg van die outoriteit modernisme.  Die ontwerp is speels en die boog van die skoene lyk gebreek en nie ondersteun nie.  Dit laat die ontwerp van die skoene onsamehangende lyk wat tipies is van Post-Moderne Dekonstruktivisme.  Die ontwerp weerspieël 'n stap in die rigting van die gebruik van die nuwe vorms sowel as die ondergang van die vorm.  Dit vernietig die oppergesag van die vierkant en regte hoek en maak gebruik van 'n reeks van geboue en skuinslyne en fokuspunte.  Die gladdes, masjienagtige, geometriese vorms van die modernisme is nou gekombineer met organiese, geboue vorms in 'n oënskynlik onlogiese manier  Die ontwerp is innoverend, ondersoekend en voldoen nie aan die tradisionele of wat verwy word nie.  Die skoene maak nie enige verwysing na historisme of versiering nie.  Die skoene blyk te bestaan uit verskeie lae van die lyne wat in verskillende rigtings beweeg.



## SKANDINAWIESE ONTWERP:

- Ontwerper en 'n werk: (Ken 2 punte toe)
- "The Ant Chair" (1952)  by Arne Jacobsen
- "Stack Chair"  by Verner Panton
- "Globe Chair"  by Eero Aarnio

(2)

Invoede: (Ken 2 punte toe)

- Nuwe tegnologie na die Tweede Wêreldoorlog het 'n invoed.
- Koue donker winters het 'n invoed op die lig gekleurde meubels en interieurs gehad.
- Die invoed van Surrealisme is sigbaar in die gebruik van die biomorfiese vorms van sommige meubelstukke.

(2)

Eienskappe: (Ken 4 punte toe)

- Hulle gebruik die lig gekleurde hout en eenvoudige, dikwels organiese vorms.
- Meubels is goed gemaak, dikwels in treffende kleure.
- Aandag aan detail en afwerking word beklemtoon.
- Hulle gebruik moderne materiale soos plastiek om eenvoudige stapelstoel te skep.
- Die meubels was eenvoudig in die vorm en het skoon lyne en gladde teksture.
- Lyne is organies of reguit.
- Materiale sluit dikwels veselglas, hout, rubber, plastiek, viniel en laaghout in
- Ontwerpers het gebruik gemaak van vorm-gedrukte hout, behandelde aluminium of geperste staal

(4)

Levensveranderende gevolge van die styl: (Ken 2 punte toe)

- Die sagte afgeronde kante van Skandinawiese meubelontwerp beteken dat interieurontwerp minder indrukwekkende en meer gemaklik verskyn.
- Vir die eerste keer is stoele wat gestapel kan word vervaardig wat ruimte toelaat vir meer as een gebruik van 'n bepaalde ruimte/area.
- Hulle gebruik eenvoudige, elegante en kwaliteit ontwerpe wat die omgewing versag sonder om dit te oordoen.

(2)

(2 x 10)

[20]

| V4.1<br>VLAK | KOGNITIEWE<br>VAARDIGHEDE         | GEWIG | VRAE          | PUNTE |
|--------------|-----------------------------------|-------|---------------|-------|
| Laer orde    | Waarneming/<br>Herroep,<br>Begrip | 30%   | Deel van 4.1  | 6     |
| Middel orde  | Toepassing                        | 40%   | Deel van 4.1  | 8     |
| Hoër orde    | Ontleding<br>Sintese<br>Evaluasie | 30%   | Deel van 4.1. | 6     |

## EN/OF

- Ontwerp kenmerke: (Ken 4 punte toe)
- Groot denkers, kunstenaars en ontwerpers soos Michelangelo, Leonardo da Vinci en Raphael het visuele uitdrukking aan die ideale van die Renaissance gegee.
  - Ontwerp gedurende die tydperk word gekenmerk deur naturalisme;  die organisasie van die ruimte;  die gebruik van perspektief;  'n herlewing van die klassieke ideale en motiewe.
  - Redenasie, bevragsaagtekening en die voorstelling van die menslike figuur as 'n individu was belangrik.
  - Humanisme is die Renaissance filosofie wat beweer dat elke persoon die reg het om te dink, redeneer, bevragsaagteken en te besluit oor hul eie oortuigings.
  - Die woord Renaissance beteken die herlewing/wedergewoorte van iets. In die 14<sup>de</sup> en 16<sup>de</sup> eue het dit spesifiek verwys na terugkeer na die klassieke ideale in kuns en argitektuur asook 'n terugkeer na rede, denke en objektiewe eksperimentering in die wetenskap.
  - Renaissance argitektuur beklemtoon harmonie en balans.  Dit is bereik deur simmetrie, wiskundige meetkunde, skaal en proporsie in die Griekse tradisie.  Argitektuur van die tyd sluit kolomme, halfkoepele  en halfsirkel boë in.
  - Gebou-ontwerpe is dikwels vierkantig of reghoekig met die klem op vertikale as gerangskik.
  - Meubelontwerp is getrou aan die doel van die stuk,  en inkorporeer dikwels mitologiese of Bybelse figure in.  Okkerneut hout was 'n algemene hout van keuse.
  - Houtkiste en beddens is die vernaamste meubelstukke tydens die Renaissance.
  - Meubelontwerp sluit in 'n paneel van hout in asook gedetailleerde beelde van tonele uit die natuur en die alledaagse lewe.
  - Beddens van tou en hout gemaak was ook baie populêr.
  - Die Renaissance is ook bekend vir sy baie fyn tapyserieë.
- (4)
- Lewensveranderende gevolge van die styl: (Ken 2 punte toe)
- Dit was die begin van objektiewe wetenskaplike eksperimentering, navorsing en rasionele denke.
  - Hulle het innoverende denke aangemoedig.  en 'n paar voorbeelde is die volgende:
    - 1455 – Die drukpers met bewegende metaaltipe, deur Johannes Gutenberg wat die begin van die gedrukte inligting was en beskikbaar gemaak het vir almal wat kon lees.
    - 1606 – Die teleskoop uitgevind deur Galileo Galilei. Dit is die begin van objektiewe eksperimentering soos ons dit ken.
    - 1629 – Die stoomturbine deur Giovanni Brance.
    - 1714 – Die kwiktermometer deur Gabriel Fahrenheit.
- (2)

- (2)
- Inloede: (Ken 2 punte toe)
  - Die Renaissance was 'n wedergeboorte van die Romeinse tradisies van ontwerp en argitektuur.
  - Produkontwerptunksies bevat dikwels versiering geïnspireer deur Michelangelo en Raphael.
  - Mitologiese en Bybelse figure word dikwels geïnkorporeer.
  - Kunstenaars van die vroeë Renaissance typerk gebruik die natuurlike wêreld as 'n verwysing vir hul kuns en kunsoorwegings is dikwels deur waarneming en sistematiese ondersoek genader.
  - Die rasionele benadering wat deur hierdie kunstenaars gesien word verskil baie van die suiwer geloof-geïnspireerde artefakte, ontwerp en kuns uit die Middeleeuse en Gotiese tydperke.
  - Daar was 'n fokus op direkte waarneming en die akkurate weerspieëling van die natuur.
  - Daar was ook 'n fokus op idealisme en perpektie.
  - Teen die 16<sup>de</sup> eeu het die Renaissance styl gefloreer

- (2)
- Juweliersware: Hanger-ontwerpe deur Hans Holbein (c. 1532–1543).
  - Argitektuur: St. Peter se katedraal deur Michelangelo, (Rome), (1546–1564)
  - Graving: Die versoeking van St. Anthony deur Schongauer, (c. 1480–1490)
  - Produk: Seremoniële huweliksbed deur Pieter Kolding, (c. 1640–1650)
  - Houtsnede: Vier ruiters van die Oordeelsdag deur Albrecht Durer 1498.
  - Argitektuur: Koepel van die Florans-katedraal deur Filippo Brunelleschi, (1420)
- Ontwerpe en werk: (Ken 2 punte toe)
- RENAISSANCE

## EN/OF

- (2)
- Lewensveranderende gevolge van die styl. (Ken 2 punte toe)
  - Die eenvoud van die ontwerp, minimale gebruik van kleur en gladde oppervlakte  het 'n groot invloed op die Bauhaus en Modernisme, asook die mode in die 1960's.
  - Ontwerp vandag het voordeel getrek uit hul begrip van die skoonheid van suiwer geometriese abstraksie en hoogs georganiseerde, stabiele komposisies.

- Kenmerke: (Ken 4 punte toe)
- Hulle het net die drie primêre kleure wat gebruik word, rooi, blou en geel en die drie 'nie-kleure'/neutrale, swart, grys en wit in hul werk.
  - Abstraksie en eenvoudige gladde oppervlakte is gebruik.
  - Lyne moes slegs in 'n horisontale en vertikale verhouding wees.
  - Hulle het geglo in balans, harmonie, orde, logika en suiwereheid.
  - Argitektoniese ruimtes is gerangskik volgens 'n stelsel om funksie en harmonie te skep.
  - Alle vorms is abstrakte blokke van vierkante en reghoëke.
  - Die Rooi-blou stoel is 'n perfekte gebalanseerde oop struktuur ontwerp met die ondersteuning van dele wat in die omliggende ruimte uitsteek.
- (4)
- Inloede: (Ken 3 punte toe)
- Kubisme en die vermindering van vorms tot basiese geometriese vorms
  - Gerrit Rietveld
  - Nederlandse logika en orde
  - Die wiskundige filosofie van Schoenmaekers, 'n Nederlandse filosoof en Theosophis.
- (2)
- Ontwerpe en werk: (Ken 2 punte toe)
- Gerrit Rietveld  – "Red Blue Chair"
  - Gerrit Rietveld  – "Hanging Lamp"
  - Theo van Doesburg  – "Official First Day Card"
- (2)

## De Stijl

### EN/OF

- Lewensveranderende gevolge van die styl: (Ken 2 punte toe)
- Hulle was meesters van die skepping van 'n dinamiese ruimte,  volume en lig.
- (2)
- Barokgeboue is kolossaal met dramatiese afmetings,  vertoon massiewe trappe  en kolomme en ingewikkelde, dramatiese versierings.
- Beide geboue en meubels wys engelle, Cupido's en gelowiges as beelde, figure, muurdekor en fonteine.
  - Barokstyl is ook bekend as die "Swaar Styl"
  - 'n Verskeidenheid van geronde en krom vorms is gebruik.
  - Ontwerpers maak gebruik van die ryk, blink materiaal soos marmer, vergulding en brons.
  - Daar is dramatiese kombinasies van argitektuur, beeldhouwerk, silwer, kant, ryk tapisserieë en lukse atwerking.
  - Die meubelontwerpe is indrukwekkend en is die werk van beeldhouers en nie skrywers.
  - Baie van die ovale met hoogs ornamentale versiering is sigbaar.
  - Die gebruik van goud, edelmatale, spieëls en marmer oorheers.
- (4)

- Eienskappe: (Ken 4 punte toe)
- Barok ontwerp word gekenmerk deur 'n rebellie teen die orde en selfbeheersing van die Renaissance tydperk.
- Voorbeelde van Barokontwerp het dinamiese komposisies, 'n gevoel van drama (teater), 'n sterk kontrasterende kleur en interaksie tussen lig en skadu.  Sterk klem word geplaas op die drama en beweging.
- Baie ontwerpe verwys na godsdienstige inhoud, 'n skuif weg van die suiver Renaissance fokus op logika en rede.

- (2)
- Inloede: (Ken 2 punte toe)
  - Barokkuns en -ontwerp is sterk beïnvloed deur die "Counter Reformasie":  Dit verwys na die tydperk in die geskiedenis wanneer die Katolieke Kerk besin oor kerkspraktyke en beginsels en positiewe veranderinge begin implementeer.
  - Die kerk gebruik Barokkuns en ontwerp om uit te reik na die mense en 'n wedergeboorte van geloof te bevorder.
  - Barokontwerp doen ook 'n beroep op die ryk en aristokrasie wat getrek word na die drama, skaal en vermoë om te beïndruk.
  - Stilisties leen Barok van die Middeleeuse en Renaissance-styl.

- (2)
- BAROK:
  - Ontwerpe en werke (Ken 2 punte toe):
  - Platon fresco: Die triomf van die Naam van Jesus deur G. Battista Gaulli (Rome) (1672 – 85)
  - Binne: "Hall of Mirrors" (Versailles) deur Hardouin Mansart en Le Brun (1678)
  - Argitektuur: Kolonnade van St. Peter's deur Gianlorenzo Bernini (Rome) (omstreeks 1656)
  - Produk: Baldacchino (altaar) in St. Peters deur Bernini, (Rome), (1624–1633)
  - Grafiese: "The Elderly Fool and his Cat" deur Alexander Voet II, (17<sup>de</sup> eeu)

## EN/OF

- (2)
- Lewensveranderende gevolge van die styl (Ken 2 punte toe):
  - Hul begrip van ideale verhoudings en van volmaakte balans en orde beïnvloed ontwerp vandag nog steeds, byvoorbeeld De Styl.
  - Dit is bekend as klassieke Ontwerp  en skep 'n gevoel van orde, elegansie en tydloosheid.
- (4)
- Eienskappe: (Ken 4 punte toe)
  - Griekse ontwerp:
  - Beklemtoon eenvoud, 'n harmonie, 'n ideale verhoudings, 'n balans, 'n logika en rasionaliteit.
  - Dit is gebaseer op wiskundige beginsels.
  - Al die bogenoemde kenmerke is duidelik in die Parthenon te sien.

- Inloede: (Ken 2 punte toe)
- Die ou Griekse beskawing het 'n obsessie met die menslike vorm gehad.
  - Hulle het geglo dat 'n 'gesonde liggaam het 'n gesonde verstand' en as 'n gevolg het hulle hul gedagtes en hul voorkoms ontwikkel. Die obsessie is weerspieël in hul argitektuur.  Sport en fisiese aktiviteite was 'n groot deel van hul alledaagse lewens.
  - Nog 'n invloed op die antieke Griekse beskawing was hulle geloof en mitologie.  Die Griekse gode het die menslike vorm en menslike emosies soos begeerte, liefde of spyt vertoon.
  - Hulle het die goue snit, 'n wiskundige stelsel gebruik om die ideale menslike figuur te skep. Hierdie stelsel is ook gebruik in argitektuur om perfekte verhoudings te skep,  soos gesien in die Parthenon.

- (2) Die Parthenon  is ontwerp deur die argitek, Ictinos en Callicrate.
- GRIEKSE:  
Ontwerpe en werk: (Ken 2 punte toe)

LET WEL: Vir elk van die style of bewegings moet kandidate die eienskappe noem van daardie beweging wat die mees lewensveranderend is.

**LEERDERS MOET TWEE UIT 'N MOONTLIKE NEGE ONTWERPE/ BEWEGINGS/STYLE/TYDPERKE KIES.**

4.1

**(KEN 20 PUNTE IN TOTAAL TOE)**

**VRAAG 4 (30 punte)**

- Geskiedenis van ontwerp: Sluit in Griekeland, Rome, Gotiese, Barok, Rococo, Neoklassieke, Victoriaans, Kuns en Kunsvlyt, Art Nouveau, Bauhaus, Art Deco, Skandinawiese, De Stijl, Modernisme, Populêre kultuur, Pop/New Age en Post-Modernisme.
- 'n Oorsig van argitektuur, waarin klassieke voorbeelde met kontemporêre werke vergelyk word.
- Visuele analise (ongesiene voorbeelde van ontwerp): Basiese terminologie wat die grondslag en eienskappe van die ontwerp vorm te gebruik word om met vertroue weer te gee.

**AFDELING B: ONTWERPGESEKIEDENIS**

| V3.2<br>VLAK | KOGNITIEWE<br>VAARDIGHEDE       | GEWIG | VRAE         | PUNTE |
|--------------|---------------------------------|-------|--------------|-------|
| Laer orde    | Kennis<br>Begrip                | 30%   | Deel van 3.2 | 3     |
| Middel orde  | Toepassing van<br>elemente      | 40%   | Deel van 3.2 | 4     |
| Hoër orde    | Analise<br>Sintese<br>Evaluasie | 30%   | Deel van 3.2 | 3     |

[10]  
(10)**Gee erkenning aan enige goed beredeende antwoord.**

ESTETIKA  
Die Zoeloe-bierpot in FIGUR A is esteties aanvaarbaar as gevolg van sy nejliese vorm  en sy vrymoedige gekleurde dekoratiewe motiewe wat soortgelyk is aan mekaar, maar nie te rigied nie.  Die onreëlmatige buitelyne van die motiewe wat deur die driehoekige gevorm word verseker dat die agtergrond en die motiewe geïntegreer is, wat 'n baie bevredigende eenheid vorm.  Die gebrek aan rigiditeit en die natuurlike gevoel van vloeiende beweging is nie oordoen nie, en sal baie goed saamwerk met die natuurlike vorm van die blare en blomme wat dit ontwerp is om te hou.

BEWEGING  
Beweging word geskep deur die driehoekige patroon op die oppervlak van die pot.  Die plasing van die driehoekige patroon beklemtoon die rondheid van die pot en skep 'n reeks van bande wat om die pot strek.  Beweging in die Ikebana-mandjie in FIGUR B word geskep deur die natuurlike golwende lyne van die bamboes wat dwarsoor herhaal word. Hulle skep 'n vloeiende gevoel wat die kyker se oog reg oor die mandjie lei.  Hulle word ook herhaal in die vorm van die basis van die mandjie en in die handvat.

KLEUR:  
In FIGUR A is die patrone, wat deel vorm van die oppervlak versiering, gemaak van swart, wit en bruin, wat regdeur in 'n verskeidenheid van kombinasies herhaal word.  Hierdie kleure kontrasteer sterk met die rooi kleur wat die agtergrond van die patrone vorm. Dit help om eenheid te skep en skep ook 'n gevoel van bruisende.  In FIGUR B is net die natuurlike kleur van die bamboes sigbaar in verskillende skakerings wat dwarsoor herhaal word, wat help om 'n gevoel van eenheid en verskeidenheid in die ontwerp te skep.

PATROON:  
Die Zoeloe-bierpot is versier met geometriese patrone in die vorm van driehoek wat beide die rondheid en die hoogte van die pot beklemtoon.  Die kleure wat die driehoekige patroon vorm en diamantvormige motiewe wat op die pot herhaal, skep eenheid.  Die motiewe is nie identies nie en dit bring verskeidenheid aan die ontwerp.  In FIGUR B is golwende lyne geskep deur die oorkruisde stringe bamboes, maar hulle het nie 'n reëlmatige patroonvorm nie.  Die patroon staan ook uit as gevolg van die sterk kontras tussen die driehoekige en verenigde okerkleur wat in en om die diamantmotiewe bestaan.

As gevolg van die manier waarop die mandjie gemaak is, verskyn die vorm aanvaarlik ongedefinieerd en nie baie funksioneel nie.  Die bierpot in FIGUR A is baie dig geweeft sodat dit vloeiend kan berg.

**VORM EN FUNKSIE**  
 In beide voorbeelde word vorm deur die funksie bepaal.  Die tradisionele bierpot in FIGUR A is 'n meer suiwer vorm.  Volgens tradisie is dit ook 'n geslote vorm omdat dit 'n deksel het, terwyl die mandjie in FIGUR B oop is.  In FIGUR B kan die doel vir die mandjie nie onmiddellik geïdentifiseer word nie, maar dit kan duidelik as 'n mandjie geïdentifiseer word.

**KONTEKS:**  
 Die Zoeloe-bierpot is 'n tradisionele Zoeloe-dekselpot ontwerp om bier te hou.  Dit moet baie dig geweer word om sy doel te kan dien.  Die Ikbana-mandjie is gemaak van bamboes en is ontwerp om blomme te hou.

Krediet vir enige van die volgende feite:

**Die memorandum is slegs puntsgewys geskryf om nasien te vergemaklik.**  
**Kandidate moet 'n opstel sonder die gebruik van die punte of opsritte skryf, om hul vermoë te evalueer om feitelike inligting te wys.**

3.2

(Ken 10 punte toe)

OF

| V3.1<br>VLAK   | KOGNITIEWE<br>VAARDIGHEDE       | GEWIG | VRAE         | PUNTE |
|----------------|---------------------------------|-------|--------------|-------|
| Laer orde      | Waarneming/<br>Begrip           | 30%   | Deel van 3.1 | 3     |
| Middel<br>orde | Toepassing                      | 40%   | Deel van 3.1 | 4     |
| Hoër orde      | Analise<br>Sintese<br>Evaluasie | 30%   | Deel van 3.1 | 3     |

**Gee erkenning aan enige goed beredeneerde antwoord.**

(10)  
[10]

- Die Pantheon  
 Die buitekant van die Pantheon is eenvoudig, met die uitsondering van die portiek met sy kolomme in die Griekse Korintiese-styl.  Dit is duidelik in die dekoratiewe hoofletters met hul acanthus blaarversierings.   
 N'debele tradisionele hut
- Die buiteversiering op die N'debele-hutte is 'n uitdrukking van die N'debele's se ervarings van die wêreld en hul aspirasies.  Die versierings weerspieël ook hul identiteit, as beide individue en as deel van 'n groep.  Die gekleurde ontwerpe is in die vorm van geometriese patrone.  Die patrone het almal 'n donker swart buitelyste wat gevolg is met helder kleure.  Die patrone word almal vryhand op 'n wit gewaste muur geteken voor dit geveer word.

**GEBRUIK VAN DEKORATIEWE ELEMENTE**



**VRAAG 3** Kandidate moet of of VRAAG 3.1 of 3.2 beantwoord. (10 punte in totaal)

3.1 (Ken 10 punte toe)

Die memorandum is slegs puntsgewys geskryf om nasien te vergemaklik.

Kandidate moet n opstel sonder die gebruik van die punte of opskrifte skryf, om hul vermoë om te evalueer om feitlike inligting te wys.

Gee krediet vir enige van die volgende feite:

KONTEKS:

Byna 2 000 jaar gelede was die Pantheon gebou as n plek van aanbidding deur die Romeine toe die Romeinse Ryk op sy hoogtepunt was. Die N'debele-hut is die tradisionele woning van die N'debele-mense en word vandag nog steeds gebou en gebruik.

DOEL/FUNKSIE:

- Die Pantheon is gebou as n Romeinse tempel.
- Die N'debele-tradisionele hut word gebruik as n huis deur die N'debele.

VORM EN FATSOEN:

- Beide die N'debele tradisionele hut en die Pantheon is silindries in vorm en elkeen het n koepeldak. In Pantheon staan die dak bekend as n koepel.
- Die dak van die hut het geen oorhang/dakrand vir die beskerming teen die son nie.  Die mure is solied sonder enige sigbare vensters, die enigste oënskynlike ligbron is die deur en dit laat die binnekant baie donker lyk.  Die Pantheonmure is ook solied en het geen sigbare vensters nie.  Die dak van die gebou is in die vorm van n koepel, die grootste van sy tyd.  Die gat in die dak, (die occulus), dien as n ligbron.
- Aan die voorkant van die Pantheon is daar n vierkantige portico/voorportaal met n staandak.  Die dak van die portiek word ondersteun deur Korintiese kolomme.  Die N'debele-hut het net n eenvoudige poort in die muur van die hut

MATERIALE EN BOUTEGNIEKE:

- Die Pantheon is gemaak van n Romeinse beton bekend as klei.  Dik (6 m, 20 voet) mure is gebou op die basis van die gebou uit swaar beton.  Op die bokant van die koepel, is n ligter tipe beton gebruik.  Die gebruik van koffers in die platon aan die binnekant en die opening aan die bokant help ook om die gewig van die koepel te dra.
- N'debele tradisionele-hut Natuurlike plaaslike boumateriaal word vir die N'debele-hut gebruik.  Die mure word gemaak van pale en stokke wat dan met modder en beesmis bedek word.  Die vloere word met beesmis 'gele'.  Die dak word van dekgras gemaak.

| V2<br>VLAK     | KOGNITIEWE<br>VAARDIGHEDE                        | GEWIG | VRAE                                | PUNTE     |
|----------------|--|-------|-------------------------------------|-----------|
| Laer<br>orde   | Waarneming/<br>Herroep/Begrip                    | 30%   | 2.1.1 + 2.1.2<br>Deel van<br>2.2.1  | 2 + 1     |
| Middel<br>orde | Toepassing                                       | 40%   | 2.1.2 en deel<br>van 2.1.3<br>2.2.3 | 1 + 1 + 1 |
| Hoer<br>orde   | Ontleding<br>Sintese<br>Evaluering/<br>Afleiding | 30%   | Deel van<br>2.1.3<br>2.2.2 + 2.2.3  | 2 + 2     |

[10]  
(1)**Gee erkenning aan enige goed beredeneerde antwoord.**

- Dit verwys na die stereotipiese idee dat vroue slegs daar is om mans te dien. Dit is nog steeds opvallend in verskillende kulture en samelewings regoor die wêreld.
- Dit verwys ook na die negatiewe aspek van stereotipering. Wanneer vrouens as mans se mindere behandel word, verloor hulle hul individuele identiteit en baie van die menseregte wat deur mans geniet word.
- Dit word beklemtoon deur die wyse waarop die vrou net soos die bank langs haar, met lakens toegesgooi is. Dit impliseer dat sy, net soos die bank, 'n voorwerp is om te gebruik.
- Party mag redeneer dat die bank toegesgooi is vir beskerming en daarom die vrou ook.

**(Ken 2 punte toe)**

(2)

**Gee erkenning aan enige goed beredeneerde antwoord.**

- Net soos in die geval van die bank, kan die drapering as beskerming dien, maar ook om die individualiteit en skoonheid van die vrou weg te steek.  Dit kan impliseer dat dit makliker is om 'n vrou onderdanig te hou wanneer jy haar nie as 'n individu sien nie.
- Daar is nog steeds kulture en samelewings in Suid-Afrika waar vroue nie gelyke regte het nie.  Verkragting is volop in alle kulture in Suid-Afrika, wat 'n totale gebrek aan respek vir vroue as individue impliseer.

|     |  |       |                   |
|-----|--|-------|-------------------|
| (3) | <p><b>Gee erkenning aan enige goed beredeneerde antwoord.</b></p> <p>(Ken 3 punte toe)</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die woord "COEXIST" is gemaak van simbole van die wêreld se godsdienste en geloofstelsels, sowel as die simbole vir die man en vrou. <input checked="" type="checkbox"/> Ten spyte van die manipulasie van letters en simbole, en die gebruik van verskillende kleure om die individuele letters/simbole te beklemtoon, is die woord leesbaar en staan dit duidelik uit teen die agtergrond van die plakkaat. <input checked="" type="checkbox"/> Die woord is in vetdruk en vul die breedte van die plakkaat. Terselfdertyd lyk dit of dit in 'n kosmiese niamandsland van sterre en planete bo die aarde dryf. Die donkerte van die agtergrondruimte is in teenstelling met die helderkleurige letters. Dit gee die effek wat die letters laat ontstaan. <input checked="" type="checkbox"/> Die beeld van die aarde is nogal groot en nie oorheersend nie, maar die woord "COEXIST" sny deur die bokant van die aarde. Dit smelt die twee outomates saam in die kyker se gedagtes. <input checked="" type="checkbox"/> Die son en die maan is in 'n staat van verduistering direk bo die aarde, wat simboliseer wat met die aarde kan gebeur as mens nie leer om saam in vrede te leef nie. <input checked="" type="checkbox"/> Dit word verder beklemtoon deur die afwaartse strale na beide die aarde en die woord "COEXIST". <input checked="" type="checkbox"/> Sommige kandidate mag redeneer dat die simbole die leesbaarheid van die woord verminder, a.g.v. die verskillende kleure. <input checked="" type="checkbox"/> Dit kan gesien word dat die hele boodskap van die plakkaat gefragmenteer word en sodoende verlore gaan. <input checked="" type="checkbox"/></li> </ul> | 2.1.3 | (Ken 3 punte toe) |
| (2) | <p><b>Gee erkenning aan enige goed beredeneerde antwoord.</b></p> <p>(Ken 2 punte toe)</p> <p>Stereotipering:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit is 'n vaste indruk of idee oor 'n groep wat gebaseer is op die ervaring met 'n individu en as waar uitgebeeld word. <input checked="" type="checkbox"/> Word dikwels gesien in advertensies as groepe mense of individue met sekere eienskappe, of wat voorgeskrewe rolle vervul. <input checked="" type="checkbox"/></li> </ul>  | 2.2   | (Ken 2 punte toe) |
| (2) | <p><b>Gee erkenning aan enige goed beredeneerde antwoord.</b></p> <p>(Ken 2 punte toe)</p> <p>AANGESPREEK WORD</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hierdie is 'n geslagkwestie. <input checked="" type="checkbox"/></li> <li>• Die boodskap is dat vroue as individue gesien moet word en met dieselfde regte en geleenthede as mans behandel moet word. <input checked="" type="checkbox"/> Ons kan dit aflei uit die onbekende figuur met vroulike hande en voete wat uitsteek en die woorde: "WOMAN IS NOT AN OBJECT." Die draperseel is so geplaas dat dit as 'n "rok" kan gesien kan word. <input checked="" type="checkbox"/></li> </ul>  | 2.2.2 | (Ken 2 punte toe) |

**VRAAG 2 (10 punte in totaal)**  
 2.1 2.1.1 (Ken 1 punt toe)

| V1<br>VLAK     | KOGNITIEWE<br>VAARDIGHEDE                          | GEWIG | VRAE                               | PUNTE |
|----------------|--|-------|------------------------------------|-------|
| Laer orde      | Waarneming/<br>Begrip                              | 30%   | Deel van 1.1<br>en deel van<br>1.2 | 2 + 2 |
| Middel<br>orde | Toepassing   | 40%   | Deel van 1.1<br>en deel van<br>1.2 | 2 + 1 |
| Hoer orde      | Analise<br>Sintese<br>Evaluasie/<br>Gevolgtrekking | 30%   | Deel van 1.1<br>en deel van<br>1.2 | 2 + 1 |

**BOODSKAP WAT DEUR DIE PLAKKAAT OORGEDRA WORD**  
 Die weg na vrede in die wêreld is wanneer mans en vroue regoor die wêreld mekaar kan verdra/aanvaar sonder oordeel, ten spyte van hul verskillende godsdiensle en geloofstelsels.

(1)

2.1.2 (Ken 1 punt toe)

**SIMBOLE EN HULLE BETEKENIS** (Enige 2)

- Die sekelmaan en ster het gekom om die Islamitiese geloof te simboliseer, alhoewel dit oorspronklik die kentekens van die Ottomaanse Ryk was.
- Sedert die 1960's het die sirkel met die onderstebo kruis vrede gesimboliseer en hou verband met die "hippie"-beweging.
- Die letter e met die pyl wat opwaarts wys, verteenwoordig die manlike persoon en die sirkel met die kruis afwaarts simboliseer die menslike vrou.
- Die ses-puntige ster is bekend as die "Ster van Dawid" en is 'n simbool vir die Joodse godsdiens.
- Die Yin-Yang simbool van die Chinese Taoïste godsdiens, (die S in 'n sirkel), simboliseer balans.  Die twee helftes van die simbool is dieselfde, maar verskil in kleur. Dit is om te simboliseer dat teenoorgesteldes saam moet bestaan om te oorleef. 'n Voorbeeld hiervan is dag en nag, of somer en winter.
- Die 't' is simboles van die Christelike kruis en daarom 'n simbool van die Christelike godsdiens.

**Gee erkenning aan enige goed beredeneerde antwoord.**

(1)

## AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

## VRAAG 1 (30 punte)

- Verstaan ontwerpteorie en gebruik ontwerpterminologie korrek.
- Die erkenning van die eienskappe van elke beweging in die geskiedenis al vier die kategorieë van ontwerp.
- Verstaan en interpreteer tekens, simbole, stereotipering, partydigheid en vooroordeel in ontwerp.

1.1 (Ken 6 punte toe)

## ELEMENTE

Tekstuur:

- Die buitenste silwer band is gepoleer wat dit 'n gladde en blink voorkoms gee.

- Die innerlike mesh band is dekoratief as gevolg van die ruwe, tasbare tekstuur van die materiaal wat gebruik word. Dit skep 'n interessante kontras sonder om afbreuk aan die algehele ontwerp te maak.

Lyn

- Die kante van die ring is gemaak van geboue lyn wat gevoel van beweging skep omdat hulle die oog om die ring rig.

- Die herhalende patroon in die mesh band is gemaak van geboue en reguit lyn.  Saam skep hulle die indruk van 'n lyn wat na die regterkant van die ontwerp beweeg.

## BEGINSELS

Patroon:

- Die mesh insetel oor die band het elemente/vorms wat herhaal word om 'n patroon te vorm.  Dit help ook om die ontwerp 'n gevoel van orde te gee.

Eenhed:

- Eenheid is geskep deur die herhaling van geboue lyn op beide die mesh insetel en op die rand van die ring.

- Die mesh en die silwer van die ring is baie soortgelyk in kleur, wat help om 'n gevoel van eenheid te skep.

Gee krediet aan enige goed beredeneerde antwoord.

(6)

1.2

(Ken 4 punte toe)

- Die Kunslyfbeweging omdat die ring handgemaak is en 'n hoë vlak van vakmanskap toon.  Daar is ook 'n bewys van 'getrouheid aan die materiale' omdat die materiaal onversier is wat toelaat dat hulle natuurlike skoonheid gewys word.
- Art Nouveau as gevolg van die serpenty/kurwelyn wat om die kante van die ring strek.  Die kromlynige lyn gee die ring 'n delikate, vroulike gehalte wat ook 'n kenmerk van Art Nouveau is.

Gee erkenning aan enige goed beredeneerde antwoord.

(4)

[10]

Hierdie memorandum bestaan uit 27 bladsye.

PUNTE: 100

**ONTWERP V1  
MEMORANDUM**

**SEPTEMBER 2014**

**GRAAD 12**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**